
Elsje Vermeulen se "Just a little bit psycho".


Susan Jacobs se "Vroegdag by die watergat".

# Fotoklub se maandwenners

Die Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging, tuiste van aktiewe amateur fotograwe, het onlangs hulle klubbyeenkoms gehou waartydens die tema "Geskiedenis" was.

Die tema is baie innoverend vertolk en Jan Jacobs was die wenner in die senior-afdeling (3 Ster en hoër gradering) en Neville Hein se "Swart Piet" was die wenner in die junior-afdeling (1 tot 3 Ster).

In die monochroom-afdeling was Vaalweekblad se kreatiewe Elsje Vermeulen se foto "Let's ride Silver" die wenfoto in die senior-afdeling en Chris Bester se "Eye alert" is as die wenfoto in die junior-afdeling aangewys.

In die oop-afdeling waar enige foto vertoon mag word, was Susan Jacobs se "Vroegdag by die watergat" die wenner in die junior-afdeling, en in die senior-afdeling was Rensia Fourie se "Kouse" nie net die senior- en kategoriewenner nie, maar is ook as algehele wenfoto van die aand aangewys.

Die klub gee deesdae ook aandag aan meer kreatiewe/kunsfoto's en Elsje Vermeulen se verbeelding het gesorg dat haar "Just a little bit psycho" as senior-wenfoto aangewys word. In die junior-afdeling is nuwe lid van die klub, Pierre Fourie, se foto "Tussen stasies" as die junior-wenfoto gekies.

Klublede skryf ook maandeliks aanlynfoto's in. Dieselfde beoordelaars evalueer ook dié inskrywings en klubvoorsitter, Koos Fourie, se "Canola eenvoud" was die keer die wenfoto.

Die klub kom maandeliks byeen en die venue word deur die inperkingsregulasies bepaal. Klubaande vind op die derde Vrydagaand van elke maand plaas en begin om 18:30.

Kontakpersoon: Johan Brits by 082 718 8394 of tsawa@yebo.co.za

**Fotografiekursus vir beginners**

As gevolg van ongekende belangstelling bied die klub weer op 20 en 21 Februarie en 13 en 14 Maart 2021 'n Beginnerskursus in fotografie aan.

Inligting kan by Henk Scheepers by 072 260 0513 of henks@attorneys.co.za verkry word.

Die kursus is daarop gemik om beginner fotograwe 'n stewige grondslag te gee in die korrekte gebruik van hulle kameras en toerusting. Die teoretiese opleiding word opgevolg deur praktiese klasse in onder meer landskap; natuur; sport; makro en portret fotografie. Die kursusgangers word ook gewys hoe om basiese fotoverwerking in Photoshop te doen.

Die kursusgelde beloop R3 200 per persoon vir die vier dae, wat elke dag 'n ligte ete en verversings insluit, asook alle studiemateriaal.

Besoek die klub se opwindende en moderne webtuiste: www.vdbp-photo.co.za vir verdere inligting, artikels en foto's van hierdie dinamiese, familie fotografieklub.

**Besoek ook hul Facebookblad by https://www.facebook.com/VdbpPhotoClub waar daar gereeld interessante wenke en foto's opgelaai word.**


Rensia Fourie se "Kouse".


Pierre Fourie, se "Tussen stasies".


Koos Fourie se "Canola eenvoud".


Elsje Vermeulen se "Let's ride Silver".